# Soos goud

27 September 2002

'n Paar dae gelede het 'n vriend van my die volgende Skrif ter bemoediging met my gedeel:

> *Job 23:8-10 "KYK, ek gaan na die ooste, en Hy is nie daar nie; en na die weste, maar ek bemerk Hom nie. As Hy in die noorde werk, aanskou ek Hom nie; buig Hy af na die suide, dan sien ek Hom nie Want Hy weet hoe my wandel is; as Hy my toets, sal ek soos goud te voorskyn kom."*

Job se ervaring, soos die ervarings wat baie van ons in Zimbabwe (asook ander plekke) beleef, was dat hy nie vir God kon sien of waarneem nie, waar hy ookal gesoek het. Om dit in hedendaagse terme te stel, hy het nie geweet of hy kom of gaan nie. Al die negatiewe gebeure om hom het hom verwar, en hy het nie geweet watter kant toe om te draai nie.

Vir baie mense is hierdie dilemma so groot dat hulle nie meer weet wat om te besluit nie. Daar is geen logika meer nie. Wat behels die toekoms? Waarheen sal ons gaan? Dit is maklik vir mense in 'n ander land om te sê: "Hoekom pak julle nie maar net julle goed en trek uit Zimbabwe (of Suid Afrika) nie?" Baie mense het dit gedoen en nog meer is besig om die land te verlaat.

So ′n besluit hou egter geweldige gevolge en 'n algehele lewensverandering in. Vir baie beteken dit om ′n hele lewe se beleggings net so te los en op ′n hoë ouderdom

iewers in ‘n nuwe, vreemde land, oor te begin. Ons het net een lewe! Verwarring heers! Waarheen sal ons gaan, wat sal ons doen? Waar is U, Here? Ons het gebid en gebid tot ons blou in die gesig is, maar dinge raak net erger en erger.

**Job se soektog**

Job het dieselfde ervaring beleef. Hy kon niks voor hom sien nie. As hy teruggekyk het, kon hy nie God waarneem nie. Wat van aan sy linkerkant? *"Nee, ek sien Hom ook nie daar nie."* Kom ons soek aan die regterkant, Hy moet tog iewers wees. Nee, dit lyk of die Here *"Homself wegsteek"*. Hoekom sal Jehova in ons tyd van desperaatheid sulke dinge doen? Dit blyk so onregverdig te wees – amper sadisties, spottend. Hoekom sal ʼn regverdige en liefdevolle God ʼn diktator toelaat om byna ʼn hele nasie te vernietig, sonder dat iemand hom keer? Hoekom het dit so ʼn lang tyd geneem om Hitler te keer, en ʼn wêreldoorlog waarin miljoene mense omgekom het?

**Corrie ten Boom**

Het enige van julle Corrie ten Boom se *The Hiding Place* gelees? Hierdie goddelike vrou het dieselfde vrae gevra wat die Here tydsaam beantwoord het deur die lyding en dood van haar eie suster.

Job het ook ʼn antwoord gekry:

> *"Want Hy weet hoe my wandel is; as Hy my toets, sal ek soos goud te voorskyn kom."*

Die feit bly staan dat, te midde van al hierdie stryd en

verwarring, God nogsteeds sy oog van liefde op ons hou. Sy liefde onderskraag ons die hele pad. Daar is egter ʼn hoër doel, en om dit te bereik, laat Hy ons toe om vorentoe te beur te midde van die skynbare verwarring en pynlike ervarings.

**Beproewinge**

*"as Hy my toets ..."* Waaroor gaan dit eintlik? Wat is die doel van beproewinge? Ek wonder hoe Josef moes voel toe alles in Egipte teen hom was en hy in ʼn Egiptiese tronk met geen prokureurs om hom by te staan nie, beland het, en niemand wat eers geweet hy was daar nie!

Ek merk op dat Job se soeke in die natuurlike plaasgevind het. Hy het na fisiese antwoorde gesoek. Hy wou sien en begryp wat met hom gebeur. Visie – fisiese sig van die antwoord is hom geweier. Hy moes die pad *in geloof stap* en op die Here vertrou, al kon hy Hom nie sien nie. Al die ander dinge het soos 'n verwarrende gemors gelyk. Hy moes in blinde geloof aanhou stap, nie net vir 'n dag of twee nie, en hy moes ten spyte van uitputting, *deurdruk*. Hy moes bly vashou aan sy eie integriteit ten spyte daarvan dat sy goddelike raadgewers hom in die steek gelaat het. Hy het sy eie oë op iets groter begin rig – ʼn hoër doel. *" ... sal ek soos goud te voorskyn kom."*

**Gee hy nou moed op?**

Kies hy nou ʼn makliker pad – 'n gemakliker weg? Nee, hy *gaan vir goud*! In die najaging daarvan is hy gewillig om aardse begeertes prys te gee – selfs die rede van sy goddelike raadgewers. Hy wou goud hê!

Waar lê die *"goud"* vir Zimbabwe (vir u situasie) – hierdie goud waarvoor ons bereid is om so 'n hoë prys te betaal? Wat was Josef se *"goud"* toe hy daar in 'n Egiptiese tronk gesit het? Die Skrif sê met verwysing na Josef:

> *Psa 105:19 "... tot op die tyd dat sy woord uitgekom het, het die woord van YHWH hom beproef verklaar het."*

Josef het sy *"goud"* ontvang. Hy kon aan sy broers sê:

> *Gen 50:20 "Want júlle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk in die lewe te hou."*

Ek is seker dat hy nie die uiteinde kon sien terwyl hy *deur* die beproewinge gegaan het nie. Dinge was vir hom maar donker en skynbaar is sy gebede nie verhoor nie. Maar God was in werklikheid die heeltyd by hom. Hy moes aan die profetiese woord vashou wat aan hom in 'n droom gegee is toe hy nog jonk was. Dit was al wat hy gehad het om aan vas te hou! Dit was daardie *woord* wat hom onderskraag het – dit het hom gehelp om in geloof te wandel. *Moet nooit ware profetiese uitsprake minag nie*. Hulle is jou reddingstou!

**Profetiese uitsprake in Suider Afrika**

Dit is met kommer dat ek 'n aantal kritiese eposse lees wat Cindy Jacobs se profetiese woord en ander soortgelyke stellings wat oor Zimbabwe uitgespreek is, oordeel. Mense, ek weet profete is feilbaar en dat ons almal foute kan maak. God het spesifiek opdrag gegee dat die profete mekaar moet beoordeel (1Korinthiërs 14:29) en dié oordeel is omdat daar 'n werklike

moontlikheid vir foute is. Dit beteken egter nie dat ons nooit profetiese uitsprake moet maak nie; die Skrif sê duidelik,

*1Kor 14:1 "Jaag die liefde na, en beywer julle met die oog op die geestelike gawes, maar veral om te profeteer,"* (en daar is ook ander soortgelyke gedeeltes)

As ek hierdie profetiese woorde *"reg moet beoordeel"* soos wat ek veronderstel is om te doen, dan moet ek dit eerstens teen die Skrif meet, en tweedens moet ek dit meet aan die kern van dit wat God vir baie jare deur profesieë oor Zimbabwe (en baie ander plekke en situasies) sê.

Ek wil slegs ter wille van hierdie artikel met die tweede manier van beoordeling begin (alhoewel my oordeel altyd by die Skrif begin!). Ek het deur my lewe al honderde konferensies en kerkdienste in Suider-Afrika bygewoon, en oor die afgelope 40 jaar profetiese stellings gehoor en persoonlik gespreek. Ek kan met absolute versekering sê dat ek 'n kern tema male sonder tal gehoor profeteer het - dat God 'n spesifieke doel vir hierdie nasie het. Ek verstaan uit hierdie profetiese stellings dat hierdie nasie 'n geestelike juweel in Suider-Afrika moet wees, wat met die evangelie na die nasies om hom moet uitreik. Ek verstaan ook dat hierdie evangelie nie 'n leë woord sal wees nie, maar dat dit daarmee saam die seën van fisiese voeding – voedsel en lewensonderhoud – sal bring, net soos Josef in die land van Egipte en Daniël in Babilon gedoen het.

## Die kern van profetiese uitsprake

Ek besef egter ook van hierdie profesieë dat God nie sy heerlikheid met ander sal deel nie, en dat die seëninge wat moet uitvloei, nie uit die slimheid en vindingrykheid of die trots van die mens sal kom nie, maar eerder uit gebrokenheid, nederigheid en gehoorsaamheid aan God se gebooie. Ek verstaan dat God baie spesifiek die sake van hierdie nasie bestuur om toe te laat dat elke afhanklikheid op die mens se ingrepe stelselmatig afgebreek sal word, dat trots uit ons nasie verwyder sal word sodat die mense hulle vertroue geheel en al in God, en Hom alleen, sal plaas. Alhoewel ek vir die MDC wat daarop gerig was om die verkiesing te wen, gestem het, het ek 'n diepe kommer oor sommige van die MDC se beleide wat ek sien teenstrydig met goddelike beginsels is. God het toegelaat dat dit gekeer word – hoewel die hele nasie woedend en diep teleurgesteld was.

Ek merk dat die profetiese stellings in wese vir Zimbabwe (en Suid-Afrika) op 'n baie definitiewe doelwit gerig het – 'n massiewe geestelike herlewing en 'n kern vir die verkondiging van die evangelie aan ander Afrika state. Hiermee saam sal die nodige finansiële seën kom om hierdie prakties 'n werklikheid te maak. Cindy Jacobs se profesie is niks buitengewoon nie – dit pas eenvoudig in 'n algehele massiewe stroom van profesieë en is uitgespreek met die doel om God se volk te bemoedig.

Om hierdie profetiese stroom met Bybelse beginsels te vergelyk (die eerste plek waar profesie beoordeel moet word), sien ek nie dat dit Bybelse waarheid teenstaan nie. Die Bybel beveel ons beslis om die evangelie te verkondig, en ten spyte van al die kritiek teen

voorspoed, sien ek dat God dikwels praat van seëninge wat diegene sal volg wat sy Woord gehoorsaam. Die Bybel plaas voorspoed egter in die regte perspektief – iets wat baie predikers van voorspoed nie doen nie. Die Bybel beveel ons spesifiek om vir die vrede van ons nasie te bid – so ook dié van Jerusalem. Dit is om die verdere verkondiging van die evangelie te vergemaklik (1Timótheüs 2:2-4). Die Bybel roep ons ook onvoorwaardelik tot bekering en gebed, en hierdie profesieë is beslis in eenheid met daardie roeping.

## Waarom profisië?

Sommige mense sê, *"Die Bybel sê alreeds hierdie dinge, waarom is profesie dan nodig?"* My antwoord is heel eenvoudig – *"Vra vir God – Hy het profesie ingestel, nie ek nie!"* Al wat ek weet, is dat die Bybel ons beveel om die profetiese woord *ERNSTIG* na te jaag, so dit beteken dat dit as 'n *bron van bemoediging* vir ons belangrik moet wees. Dit behoort *nooit teenstrydig* met die Bybel te wees nie, maar eerder 'n toegevoegde woord van *bemoediging en rigting* vir ons.

## Bemoediging

Ek kan natuurlik nie namens elke individuele profesie wat al gespreek is, rekenskap gee nie, en ek is seker daar was al heelwat foutiewe profesieë. Ons moet egter volwasse genoeg wees om te sien wat God se boodskap van bemoediging vir ons is, om dit volgens die beginsels van die Skrif te beoordeel en die Woord te gebruik om ons in ons stryd teen die bose te help veg.

Paulus het vir Timótheüs gesê,

*1Tim 1:18,19 "Hierdie boodskap vertrou ek aan jou toe, my kind Timótheüs, ooreenkomstig die profesieë wat vroeër aangaande jou uitgespreek is, sodat jy* ***daardeur die goeie stryd kan stry*** *en aan die geloof en 'n goeie gewete vashou."*

Timótheüs het duidelik persoonlike profesieë ontvang en Paulus het hom aangesê om *"die goeie stryd te stry"* deur *voortdurend na hierdie profesieë te verwys*. Ek, en ek weet daar is baie ander ook, het deur die jare al talle persoonlike profesieë ontvang wat oor my uitgespreek is. Hulle was 'n bron van bemoediging vir my en het tydens moeilike tye my geloof gehelp behou. Dit het my nooit van die Woord afgetrek nie – dit het my eerder nader aan die Woord getrek.

**Wat is jou "goud"?**

Ek vra dus weer die vraag, wat is hierdie *"goud"* vir Zimbabwe (en in jou situasie) waarna ons streef – hierdie goud waarvoor ons so 'n hoë prys betaal? Verskeie profetiese uitsprake wys op 'n geestelike herlewing en seën. Ander praat van 'n val van die bose en 'n oorwinning vir die evangelie. Ander praat weer van finansiële seën en vrugbaarheid vir Suidelike Afrika. Sommige verwys na Suidelike Afrika as 'n bron waaruit die evangelie na die res van Afrika verprei sal word. Nog ander verwys na 'n meer persoonlike verhouding met God – die vorming van goddelike karakter in ons lewens – die afbreek van wêreldse liste en begeertes en 'n verdieping in ons gebedslewe en persoonlik verhouding met God.

Wat dit ookal is, wil ek dié *"goud"* vir niks anders in die wêreld misloop nie. Wanneer daar 'n droogte is, is dit die

bome met diep penwortels wat aan die lewe bly. Ek skiet my wortels dieper in die grond in. Ek belê my lewe en soek na maniere waarop ek ŉ Josef in ons *"Egiptiese"* droogtetoestand kan wees. Ek glo Jehova roep ons om, soos Job, Hom te vertrou selfs al kan ons nie die pad vorentoe, agtertoe, links of regs van ons sien nie. Dit is nou tyd vir *deursettingsvermoë* – ŉ *tyd vir geloof*.

Ek wil u aanmoedig om daardie pad saam met my te stap. Ek het onlangs gesien hoe die Here wonderbaarlik voorsien het in 'n groot stap van geloof wat ek geneem het. Ek het gevoel dat ek in 'n groot projek (vir my was dit groot) moes belê en ek het nie die grond of die finansies gehad om dit moontlik te maak nie. Deur God se genade en volgens sy Woord het ek egter 'n maand gelede reëlings getref vir die onderhandeling om Saterdag (gister) plaas te vind. Soos wat die datum al nader en nader gekom het, het alles wat ek probeer voorberei hiervoor, misluk. Ek het voortgegaan, en in God se wonderlike genade is die grond skielik Vrydagaand beskikbaar gestel, en Saterdag oggend – vier ure voor die vasgestelde vergadering – is die finansies beskikbaar gemaak. Ek het by die kantoor ingestap, die tjek geteken en die transaksie is gedoen. God maak vir ons 'n weg oop waar daar geen weg is nie. Sommige van julle mag dalk hierdie ou Engelse koortjie onthou wat ons destyds gesing het:

*I know the Lord will make a way for me*

*I know the Lord will make a way for me*

*If I live a holy life*

*Shun the wrong and do the right*

*I know the Lord will make a way for me*

Mag die Here u krag gee om nie na links of regs te kyk nie en nie van die roete afgelei te word om skynbare makliker paaie te stap nie. Mag jy, deur geloof, die krag ontvang om voluit *vir goud te gaan!*

*Henry D Jackson*